

# WONDERWERKE OP MY SIENER-PAD

*Die meeste mense aanvaar geredelik dat daar wonderwerke in die Bybelse tyd plaasgevind het, maar wanneer dit in ons dag en tyd ter sprake kom, dan word dit afge-  
maak as onsin...*

**DIE MAN IN GRYS EN DIE MAN IN BRUIN**

**DENEL VAN ONEERLIKHEID AANGEKLA**

**RYKES SE PLAN BAMERIKA**

**EN MEER...**

# DIE VAANDELDRAER





## INDEX

---

JARELANGE DREIGEMENTE – IS ONS NOU DAAR?	4
RYKES SE PLAN B	6
DIE SAUL ALINSKY-PLAN.	8
DENEL VAN ONEERLIKHEID AANGEKLA	10
BURGEROORLOG DREIG IN AMERIKA	11
OORLOG DREIG NA IRAN-AANVAL	13
NG KERK LOOP STADIGAAN LEEG	14
AMERIKA IS OP DIE PUNT OM DIE CHRISTENDOM TE VERBAN	16
ILLINOIS BOU DIE GROOTSTE ABORSIEKLINIEK TER WÊRELD IN DIE GEHEIM	18
NUWE STAM VAN MIV ONTDEK	18



## VAN DIE REDAKTEUR

---

*Aanhaling uit: Wonderwerke op my Siener-pad*

Ons volk worstel al die afgelope 100 jaar lank om onder die juk van Britse oorheersing uit te kom. Eers was dit gedurende die twee Vryheidsoorloë toe 'n handjie vol manne die magtige Empire die stryd aangesê het; daarna was dit weer met die Rebelle van 1914, en in die Tweede Wêreldoorlog het lede van die Ossewa Brandwag ook probeer om die juk af te gooi. Gedurende hierdie tye was Siener van Rensburg daar om voor te loop en vir hulle die pad aan te wys. Maar daarna het sy volk hom vergeet.

Jare later sou behoudende regse groepe soos die AWB, die HNP, die Boeremagiede, Boerevryheid, Boerelegioen, die Kommandokorps en ook die Suidlanders op die toneel verskyn, en elkeen het op sy manier die vyand die stryd aangesê.

Maar dit was vanuit die staanspoor af 'n hopelose worsteling, want die oormag was te groot en die tyd nog nie ryp daarvoor nie.

Toe maak Siener van Rensburg sy opwagting in ons midde en skielik was daar vir die volk nuwe hoop, 'n nuwe koers en 'n nuwe horison, want deur Siener se oë sou hulle vir die eerste keer sien en 'weet' wat die toekoms inhou en kon hulle in afwagting daarna uitsien.

Omdat ek my nog voortdurend met Siener se gesigte besig hou, het ek sedert die publikasie van *Die gety het gedraai* (in 2018) op heelparty visioene en verklarings afgekom wat vir ons nou 'n beter en meer duidelike prentjie gee van belangrike gebeurtenisse wat nog moet plaasvind; lotsbepalende gebeure wat die toekoms van ons land en volk ontsluit.



Die meeste mense aanvaar geredelik dat daar wonderwerke in die Bybelse tyd plaasgevind het, maar wanneer dit in ons dag en tyd ter sprake kom, dan word dit afgemaak as onsin, 'n klomp bog, wensdenkery, pure geluk, jou verbeelding, oëverblindery, of daar word selfs gesê dis 'wetenskaplik verklaarbaar'.

Maar hulle vergeet dat die ganse heelal juis sy ontstaan te danke het aan wonderwerke wat in net ses dae voltrek is en waardeur die Almagtige Skepper álles in die heelal tot stand gebring het.

En van daardie tyd af tot nou toe kon die kiem van wonderwerke nog nie uitgeblus word nie.

Hierdie boek getuig daarvan en dit was die wonderwerke op my pad wat gemaak het dat die Sienerboeke vandag, na 25 jaar, steeds in aanvraag is. Die eer daarvoor kom ons Almagtige Vader toe, want daar moenie gesê word dit was deur my toedoen dat Siener van Rensburg in Januarie 1992 weer begin het om vir sy eie volk as profeet op te tree en ook vir hulle in die bres te staan nie.

*Wonderwerke op my Siener-pad* het pas verskyn en kos R140 plus koerierkoste van R140 — Adriaan Snyman.

## JARELANGE DREIGEMENTE – IS ONS NOU DAAR?

Oor die afgelope kwart eeu is die blankes in Suid-Afrika al herhaaldelik deur faksies vanuit swart gelede met 'n volskaalse aanval gedreig. Daar is selfs plekke en datums genoem van waar en wanneer die aanvalle sou plaasvind. Ek gaan hier slegs enkele van hierdie dreigemente noem.

- 'n Anonieme SMS het op Saterdag 24 April 2010

die rondte gedoen dat pamflette in die Polokwane-omgewing versprei word waarin swart mense aangesê word dat hulle op Vryheidsdag 27 April soveel wittes moontlik moet vermoor.

- Kort na Zuma se verkiesing as president op 9 Mei 2009 het hy op 'n vergadering in Soweto aan Buthelezi gesê dat hy nog eendag die duisende onskuldige Zoeloes wat die wittes op 16 Desember 1838 vermoor het, wil wreek.
- Vroeër vanjaar het die EFF gedreig dat die 'Tweede Bloedrivier' in die nag van Vrydag 12 Julie sou plaasvind en dat blankes se bloed weer gaan vloei. (Maar soos ons al teen dié tyd weet, het daar van hierdie EFF dreigement ook niks gekom nie. Hulle ken duidelik nie die geskiedenis nie, want met die Slag van Bloedrivier was daar sowat 3 000 ongevallen aan Zoeloe kant en nie 'n enkele een in die Trekkers se laer nie).
- Die jongste dreigement het weereens van die Zoeloes se kant gekom. Hulle dreig om alle immigrante dood te maak of uit die land te verdryf. Hier is kort uittreksels uit die pamflet wat versprei is: "Ons kondig aan dat ons op 9 September 2019, vanaf 08:00, alle immigrante sal doodmaak. Ons sê dat daar 'n staking sal wees uit al die stede in KZN, Kaapstad, die Oos-Kaap, alle provinsies. Ons stap na die parlement. Die reuk van bloed en vuur is in die suide.
- "Die president het misluk, die minister het misluk. immigrante minister Motsoaledi het ook nie daarin geslaag om die hekke vir ons oop te maak nie ... ons jeug is werkloos, in Suid-Afrika maak hulle 'n warboel van alles ... hulle het alles ... Ons sal ons land herstel, ons kinders sal nie doodgemaak word nie, ons kerke sal nie gesluit wees nie. As iemand werk toe gaan, sal ons hom doodmaak ... Bloed en geweer vuur en vuur sal stink oor die hele land. Natal sal gesluit word ... in Johannesburg, Pretoria en Kaapstad sal ons Nigeriërs,



Ghanese, Kongolese, Tanzaniërs, Malawiërs doormaak, en ook Ethiopiërs en Pakistani's. Ons sê geen besigheid sal voortgaan solank hulle (vragmotors) bestuur nie, die vragmotors sal ons verbrand, winkels, salonne, internetkafes, hul naaimasjiene, winkelsentrums, ons brand, ons wil hulle nie hier hê nie..."

Maar na 'n kwarteeu se vrees aanjaag het ons al so gewoon geraak daaraan dat ons ons glad nie meer aan hierdie dreigemente steur nie; ons is ook al afgestomp wat betref die byna daaglikse gruwelike plaasmoorde, inbrake, brandstigting, padversperings, plundering en stakings.

Hoeveel keer is daar nie al gedreig dat hulle die land op 'n sekere dag gaan lamlê nie en dat alle bedrywighede tot stilstand sal kom nie? Hoeveel keer is daar nie gesê dat die wittes op dié of daardie dag

uitgewis gaan word nie?

Die Nuwe Wêreldorde het in 1994 Suid-Afrika gebruik as 'n eksperiment vir die res van die wêreld, maar dit het hopeloos gefaal onder kommunisme, want die ANC sal nie afsien van sy rewolusie nie. Maar wanneer daardie dag aanbreek, gaan daar dan ook niks gebeur nie?

Dit begin al hoe meer vir ons lyk of hulle besig is met 'n goed beplande 'bangmaak-storie', en dat blanke hanteerders hier agter sit. Ons word gedurigdeur gedreig, en omdat daar telkens niks gebeur nie, raak ons gerus, glo ons hulle nie meer nie en ignoreer ons dit.

Die vraag is net: is dit nie dalk wat hulle wil hê nie, sodat as hulle die dag regtig toeslaan, ons heeltemal onkant betrap word.

Aan die anderkant het dinge al so versleg, dat hulle nie meer kan voortgaan om net te dreig nie. Vroeër of later sal hulle gedwing word om tot aksie oor te gaan. En die vraag is net: sal ons dan gereed wees?

## RYKES SE PLAN B

Dit gaan 'n uittog van papbroeke afgee wanneer die papaja die waaier tref. Ons gaan sien hoe hulle angsbevange die lughawens bestorm en sal dit nie hulle verdiende loon wees as die vliegtuie nie kan opstyg nie?

Ryk Suid-Afrikaners maak seker dat hulle Plan B se paspoorte gereed is vir enige gebeurlikheid. Baie kies die klein eilandjie Malta as hulle bestemming vanwaar hulle dan kan gaan na enige land in Europa van hulle keuse.

Die Privaatskool maatskappy, *Advtech*, sê dat teen Maart 2019 het byna 1 000 leerders die organisasie se skole verlaat as gevolg van emigrasie redes. Volgens die Britse visa maatskappy, *MoveUp*, was daar 'n 22% toename in emigrasie uit Suid-Afrika na die Verenigde Koninkryk in die laaste twee jaar

Dis nie duidelik hoeveel rykes van ons land soos rotte die skip gaan verlaat nie, maar daar is 'n skerp toename in alle soorte welgesteldes van boere wat na Kanada verhuis tot die middelklasvaardige Suid-Afrikaner wat Europa toe wil gaan. Hierdie mense se welvaart gaan maar uiteindelik deur die land van hulle keuse verslind word, want niks word gratis aangebied nie.

Dis nie so eenvoudig om sommer net te emigreer na die land van jou keuse nie. Emigrasie-opsies vir Suid-Afrikaners na die buiteland is baie beperk. Die meeste lande vereis spesiale vaardighede wat nodig is vir spesifieke soort beroepe. Dan word dit deesdae

van die aansoeker verwag om baie diep in sy verlede te gaan delf op soek na 'n konnotasie met die land van sy keuse. 'n Familiebandoel met die betrokke land help in hierdie geval.

Maar wanneer dit kom by Malta het die aansoeker slegs nodig om kontant te hê – baie daarvan. Anders as met voorwaarlike visas is die proses om Maltese inwonerskap of burgerskap via beleggings te verkry, relatief vinnig en word grootliks sonder vooroordeel toegestaan na 'n ywerige regsproses.



En dit lyk asof dit die pad is wat gevolg word deur baie welgestelde Suid-Afrikaners.

Die Maltese regering bied beide verblyf en burgerskap programme aan wat van die aansoeker verwag om miljoene te spandeer en te belê. Almal bied die reg aan om te leef en te werk in Malta, maklike toegang tot die *Schengen Zone* as 'n reisiger, en in die geval van burgerskap is dit ook moontlik om te leef en te werk op enige plek in die Europese Unie.

Volgens die verblyf en burgerskap maatskappy *LIO Global*, is die aansoekproses relatief eenvoudig – maar dit vereis van aansoekers om in 'n betekenisvolle bedrag in kontant te belê of om eiendom te koop of te huur as hulle verblyfreg wil bekom. Burgerskap vereis nie net kontantbeleggings en 'n eiendom aankoop of huur nie, maar ook 'n betekenisvolle hoër bedrag wat nie terugbetaalbaar is nie en



wat aan die Maltese regering oorbetaal moet word. Dus, niks hierr is maklik of gratis nie.

En as u wil weet wat die koste hieraan verbonde is in rand en sent, hier is dit:

Die goedkoopste pad om 'n Maltese paspoort te bekom, is om verblyfreg te koop en dit is ook nie goedkoop nie – R490 000. Om 'n paspoort te kom, moet Suid-Afrikaners 'n nie-terugbetaalbare deposito van R90 000 betaal voor enigiets bevestig word. Indien die aansoeker suksesvol is, moet hy 'n bykomende fooi van R400 000 betaal.

Met die direkte beleggingsroete moet die aansoeker ten minste R4.1 miljoen se regerings skyldbewyse koop en dit onaangeraak laat vir 'n minimum van vyf jaar.

'n Ander manier om Maltese verblyfreg te verkry, is om 'n eiendom te huur of te koop óf in Malta óp die eiland Gozo.

Om te kwalifiseer, moet die eiendom 'n minimum waarde van ongeveer R5.2 miljoen hê. Die minimum eiendomsprys in Gozo is effens minder. Daar moet aansoekers 'n minimum van R4.4 miljoen spandeer op 'n eiendom.

Vir die huur van 'n eiendom in Malta moet die aansoeker ten minste R200 000 per jaar betaal en in Goxo is dit R165 000 per jaar.

Aansoekers hoef nie in Malta te bly nie en die hele proses kan in net twee fisiese besoeke voltooi word. Een is om die aansoek in die teenwoordigheid van 'n kommissaris van ede te teken en die ander is om die vervlyfpermit voor te lê. Hierna, en na al die finansiële verpligtinge nagekom is, kan die aansoeker al die voordele van oorsee geniet. Dit gaan ook redelik vinnig. Die Maltese regering druk dit binne ses maande deur.

Daar is ook 'n duur manier om burgerskap te koop in Malta. Dit sluit ook Europese Unie-burgerskap in wat beteken dat suksesvolle aansoekers kan leef, werk of reis na enige land in die Europese Unie. Dit beteken egter nie dat hulle Suid-Afrikaanse burgerskap verval nie.

Aansoekers moet egter 'n totaal van R10.6 miljoen in die land se Nasionale Ontwikkelings Fonds belê. Vrouens, asook kinders onder 18, wat wil saamgaan, moet elk 'n bykomende R408 000 betaal. Ongetroude, finansiël afhanklike kinders tussen 18 en 26 jaar oud, is ook welkom teen 'n koste van R816 000 elk.

Die program vereis ook 'n vyf jaar finansiële belegging van ongeveer R2.5 miljoen wat terugbetaalbaar is. Indien die aansoeker 'n eiendom wil bekom, moet hy ten minste R5.7 miljoen betaal en mag dit vir vyf jaar nie verkoop nie. As hulle wil huur, is die minimum bedrag R260 000 per jaar. Die eiendom mag ook nie uitverhuur word vir ten minste vyf jaar nie.

Dit is dus net vir die heel rykes. Ons gewone mense sal maar hier moet bly en dit wat kom, die hoof moet bied. Dit gaan vir diegene wat uit die land weghardloop egter nie so wonderlik wees as wat hulle verwag nie. Daar is dinge wat geld nie kan regmaak nie – soos bv. oorlog.

'n Wêreldkonflik dreig al 'n hele paar jaar en vroeër of later gaan die lont aangesteek word. Die Geldmag of wie ook al daaragter sit, probeer al lank om 'n wêreldoorlog aan die gang te kry sodat hulle triljoene dollars kan inhark in hulle bankrekening, en ook om die ganse wêreld onder hulle mag te kry. Nou, vir die eerste keer, lyk dit asof hulle daarin gaan slaag. Rusland het gesê dat hy betrokke gaan raak as Turkye aanhou om die Koerde te verjaag en te vervolg. Daarvoor sal hy deur Hongarye moet gaan om by Turkye uit te kom. As die oorlog in die volgende paar maande begin, mag dit dalk net gebeur dat

Siener se profesieë daaromtrent bewaarheid gaan word.

Einde Januarie gaan Engeland waarskynlik die Europese Unie verlaat en dan kan Noord- en Suid-Ierland saamsmelt om weer net Ierland te wees en onafhanklik raak van Brittanje. Siener het gesê dat as Ierland onafhanklikheid verkry, is ons vryheid naby.

In die Transvaal kom die geelperskereën in die tweede helfte van Februarie. Roger Teale het gesê dat April/Mei ons tyd van geweld gaan wees. As die oorlog uitbreek, sal dit in die winter wees en dan sal die soldate vaal jasse dra soos Siener gesê het. Dan kom die geelperskereën en dan die geweld hier.

Ons is op die drumpel van daardie Derde Wêreldoorlog en mense dink hulle vlug na veiligheid as hulle die land verlaat. As ons realisties wil wees, is dit die verkeerdste ding om nou te doen. Ja, ons ekonomie is in sy peetjie, ons mense kry swaar onder die swart regering, hier is nie meer geleentede vir jong, blankes nie, maar raai wat? Oorsee is die aanslag teen mans baie, baie erger as wat dit hier is. Die Christendom is nie iets waarvoor jy spog nie en jou kinders sal dinge in hulle skole geleer word wat jy beslis nie wil hê hulle moet weet nie.

Alles daar is nie maanskyn en rose nie en dit sal die klomp ryk papbroeke vinnig genoeg uitvind en dan sal hulle in lande wees waar daar oorlog is en hulle sal nie kan terugkom hierheen nie.

## DIE SAUL ALINSKY-PLAN.

Alinsky het twee boeke geskryf: *Rules for Radicals* en *Reveille (wekroep) for Radicals*. Hy was 'n geharde sosialis tot en met sy dood op 12 Junie 1972.

Volgens hom is daar 8 reëls wat gevolg moet word as 'n groep 'n sosialistiese staat tot stand wil bring.



Saul Alinsky

Daar is agt vlakke van beheer wat bereik moet word voordat volle beheer in die hande van 'n sosialistiese regering is.

Die eerste is die belangrikste – **Gesondheidsorg**. Beheer die gesondheidsorg en jy beheer die mense. (Dit is die rede waarom ons sogenaamde *National Health Insurance* ingestel gaan word. Privaatpraktyke van dokters sal onwettig wees, hulle sal uit die land weggaan en uiteindelik sal ons sit met wat die Sowjet Unie vir 70 jaar lank gehad het. Toe die Berlynse muur geval het, was die wêreld verstom oor hoe agterlik daardie mense geleef het as gevolg van die beheer deur die staat.)

Tweede is **armoede**. Alinsky beveel aan dat armoede so hoog as moontlik opgestoot moet word, want mense is dan makliker om te beheer en sal nie terugbakei as jy alles vir hulle voorsien wat hulle nodig het nie. (Die blankes in plakkerskampe hinder die regering dus glad nie, maar ook nie die brandarm swartes nie. Hulle weet baie goed die staatspensioene is nie genoeg om van te leef nie. Daar is nog baie blankes wat groot pensioene kry, en dit sal ook stopgesit word – ook beleggings, rente, ens. Alles wat jou lewe vir jou makliker kan maak, sal gekonfiskeer word.)

Die derde is **skuld**. Hy beveel aan dat staatskuld opgestoot word tot op 'n onvolhoubare vlak. Daardeur sal jy belasting kan verhoog en dit sal meer armoede in die hand werk. (Ons land se skuld het





reeds daardie punt bereik. Eerste sal die pensioenfondse geplunder word, en dit sluit ALLE pensioenfondse in, nie net die staat s'n nie. Dan sal daar op beleggings toegeslaan word. Wat in die proses van Sjina gaan word, weet nugter. Niemand weet wat werklik agter die skerms aangaan en of Sjina deel is van die sosialistiese gekonkel nie.)

Die vierde is **wapenbeheer**. Hy sê verwyder die mense se vermoë om hulleself te verdedig teen die regering. Sodoende kan 'n polisiestaat geskep word. (Hoe lank baklei die staat al om alle wapens in te trek? Dis glo om misdaad te bekamp. Dit is nie die waarheid nie. Dis om seker te maak dat jy nie jouself of jou gesin sal kan beskerm wanneer hulle met hul aanslae kom nie –volle beheer deur die regering ook op 'n gewelddadige manier. Ons moet dankbaar wees dat daar nog blankes is wat veg om hulle vuurwapens te behou. As dit die dag finaal weggevat word, sal ons Boere seker 'n plan maak om onself te verdedig, maar vir hoe lank?)

Die vyfde is **Welsyn**. Neem beheer oor elke aspek van hulle lewe oor – kos, behuising en inkomste. (Ons ken die Welsyn as die mense wat die armes versorg. Uiteindelik het dit maar eintlik daarvoor gegaan om die swartes vet te voer sodat hulle baie kleintjies kon maak. Die Welsyn het in werklikheid geen bestaan-sreg nie. Mense moet gedwing word om vir hulleself en diegene naaste aan hulle verantwoordelik te wees. Hulp deur die staat is nie verkeerd nie, maar soos dit nou is, kweek die Welsyn lui mense.)

Sedens noem hy die **Onderwys** en sê dat beheer moet oorgeneem word oor wat mense lees en waarna hulle luister. Neem ook beheer oor oor wat kinders op skool leer. (Dit is reeds gedoen, want geskiedenisboeke op skool bevat nie meer die Blanke se geskiedenis nie, net dié van die swarte. Uiteindelik sal dit ook uit die skole verwyder word en vervang word met die Kommuniste se geskiedenis – maar, nou ja, dis wat ons mense in 1992 wou hê. Die koerante,

SABC en ander media is reeds meesal in die hande van die Kommuniste wat beleid voorskryf, asook wat uitgesaai of gepubliseer mag word.)

Sewende op die lys is **Godsdiens**. Verwyder die geloof in God uit die skole en regering. (En hier is waar die kerke soos vrot pere uit die boom geval het en oor hulle voete geval het om die sosialiste ter wille te wees. Handewringend het die slegte spul ja en amen gesê op alles wat hulle vyand aan hulle voorskryf het. Daar was ook nie genoeg integriteit in die gemeentes om die duiwel teen te staan nie en vandag sit hulle mak soos skape saam met die vyand op die kerkbanke en sing Prys die Heer uit volle bors. 'n Mens kry skaam.)

Laastens noem hy **klasoerlog**. Hy sê verdeel die mense in ryk en arm. Dit sal meer ontevredenheid veroorsaak en dit sal makliker wees om die rykes te belas en om die armes te steun deur Welsyn om hulle onderdanig te hou.

Dit is 'n stadige proses, maar die hele plan werk soos 'n bom omdat selfs ons eie mense te stiksienig, gemaksugtig en lui is om terug te baklei. En dan het ons mos daardie lelike eienskap van ons om mense wat probeer weerstand bied, in die rug te steek of uit te lewer aan die bose owerhede. Ons mense is ook onbewus daarvan dat ons as 'bruikbare idiote' beskryf word deur dié agter wie hulle so gretiglik aanhardloop. Hulle sê ons Boere is te dom om te sien wat aan die gang is en dit pas hulle uitstekend en dan lag hulle oor hulle suksesse ... soos wat Angus Buchan doen wanneer hy verslag oor sy eie sukses gaan doen by die Vatikaan oor hoe hy die Afrikaners subtiel oorhaal tot die Katolieke geloof.

Ja, ons is die grap van die globaliste en ons word met reg en rede as dom bestempel. Ons dink ons weet alles, ons dink ons is so slim, maar ons het geen idee van wat om ons aan die gang is nie. In hierdie stadium is die globaliste nog net besig om ons in posisie

te kry en dit sonder weerstand van die blankes wat genoeg verstand behoort te hê om te sien wat kom. Vorentoe gaan dit al moeiliker gaan en wanneer die half blank doringbosregering aan bewind is, sal julle eers weet wat Sosialisme beteken in die praktyk.

## DENEL VAN ONEERLIKHEID AANGEKLA



Denel is weereens in die spervuur. Met swart bestuur is dit ook nie vreemd dat hulle weereens dinge gedoen het wat oneerlik was nie. Volgens betroubare inligting het hulle twee jaar gelede R250 miljoen se weermagvoertuie aan die regering van Tjaad belowe. Dié het ook 'n deposito van R100 miljoen betaal en het nog niks aan Tjaad gelewê nie. Nou wil die sandboys die geld terug hê en Denel kan dit nie terugbetaal nie, want hulle geldkassie is reeds leeg. Die voertuie kan hulle ook nie verskaf nie, want ons eie voertuie is in 'n beroerde toestand, dus waar gaan hulle voertuie vir 'n ander land kry?

Die DA wil nou hierdie blik wurms oopmaak en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (bekend as die PAIA-wet) gebruik om Denel te dwing om toegang te kry tot die ondersoekdokumente wat verband hou met die Gupta-gekoppelde ooreenkoms wat Denel met Tjaad aangegaan het. Hulle sê

dat hierdie oneerlike transaksie besig is om Suid-Afrika se verhouding met Tjaad te versuur.

Die DA is maar soos altyd vol bravade en sê dat hulle die bevindings oor beleërde staatsbeheerde ondernemings (SBO's) bekend gaan maak. Dit sal glo verseker dat enige van die verdoemde bevindings wat verskeie senior amptenare en politici uitwys, nie onder die mat gevee word nie. Of dit is wat uiteindelik gaan gebeur, sal ons maar moet sien. In 'n regering vol kriminele is dit onwaarskynlik dat omkoopgeld nie hande gaan verwissel nie.

Natasha Mazzone, die DA se woordvoerder oor openbare ondernemings, het in 'n verklaring gesê Denel is "net een van verskeie SBO's wat op hul knieë gedwing is weens jare lange ANC-wanbestuur en korrupsie. Reuse-bedrae van die publiek se geld is op SBO's gemors, en tog kry belastingbetalers baie min hiervoor terug."

Die DA speel die spel aan beide kante. Hulle reken hulle sal deur die PAIA-aansoek dit duidelik aan sukkelende staatsinstellings maak dat hulle geen toegewings oor deursigtigheid en verantwoordbaarheid gaan maak nie en dat korrupte kaders en amptenare geen beskerming mag geniet nie.

Heerlike dreigemente, maar wat het tot nou toe nog met korrupte instansies en persone gebeur? Presies niks. En om stemme te werf en in die koerante as die 'goeie outjies' bestempel te word, sê hulle dat die voortgesette misbruik van SBO's vir politieke vooruitgang stopgesit moet word en dat diegene wat aan enige oortredings skuldig bevind word, ten volle verantwoordelik gehou en vervolg moet word.

Maar ons weet mos dit sal nie gebeur nie. Hoeveel keer is Zuma skuldig bevind en hy het hom net so effens daaraan gesteur, net genoeg om kwaad genoeg te raak om oorlog teen die ANC te verklaar.

*City Press* het onlangs berig dat Tjaad 40 weermag-Casspirs by Denel gekoop het, maar die maatskappy kon dit nie lewer nie omdat amptenare gekibbel het oor aan wie die winsgewende intellektuele eiendomsregte vir die bou van die voertuie behoort. Dit is volgens die koerant gratis aan die omstrede Gupta-familie gegee.

Die wapenvervaardiger sukkel die afgelope paar maande om bloot net sy werkers te betaal.

Volgens *City Press* het Denel gesê sy voorlopige bevindings dui daarop dat die kontrak met Tjaad onwettig aangegaan is. Tugstappe staar gevolglik sommige werkers in die gesig, terwyl 'n strafregtelike aanklag ook aanhangig gemaak is.

## BURGEROORLOG DREIG IN AMERIKA

Wat beteken die VN se teenwoordigheid in 'n land? Beslis niks goed nie. Behalwe vir die feit dat die eenwêreldregering (of jy nou daarin glo of nie) se doel is om chaos oor die wêreld te skep sodat hulle hulle soort orde daaruit kan voortbring. In voorbereiding op wat hulle uiteindelik beplan, word VN troepe en wapens in elke land waar hulle bedrywig is, ingevoer. Hulle kom in en verdwyn tussen neus en ore. Hier by ons hoor 'n mens dat hulle naby Upington gestasioneer is of elders in die land. Hulle doen nikes, hulle wag hulle tyd af. Dit is dan ook wat op die oomblik in Amerika aan die gang is.

Intussen hoor jy van opstande en onluste waarin die geweld toeneem en baie mense seerkry. Mense wat sien wat aan die gang is en probeer keer, word gearresteer en in tronke gegooi. Die VN word 'n vredesmag genoem, maar dit is baie ver van die waarheid. Hulle was altyd gestasioneer in ander lande as Amerika, maar onlangs is hulle ook daar.

Vir jare kyk ons al na flieke oor die bose mense wat die wêreld oorneem, of 'n wêreldregering wat mense onderdruk, ens. ens. En 'n mens wonder of dit nie alles waarskuwings was nie. Die eens kragtige pilare van die Blankedom is besig om te verkrummel. Ons sien dit nie en ons besef dit nie.

Om 'n Nuwe Wêreldorde te kan instel, moet die wêreld eers in chaos gedompel word. Putin van Rusland en Trump van Amerika probeer keer, maar dit sal nie veel langer geduld word nie. Die oorneem van die wêreld is reeds in wording. Die toutjies is besig om bymekaar te kom. Die wêreld se magtigste regerings moet tot 'n val gebring word, behalwe vir die absoluut noodsaaklikes.

Wat aan die kom was, is nou reeds hier. 'n Verslag uit Amerika sê die volgende: "Die VN troepe is hier (in Amerika) in groot getalle. Die Amerikaners wat lojaal is aan die President en die Konstitusie, is vir alle praktiese doeleindes in 'n oorlog met die internasionale magte van die VN wat onwettig in die land is. Daar is swaar verkeer van massiewe VN-gevegsvoertuie (hoekom?)."

Die VN-mag in Amerika het tussen 750 000 en 1.2 miljoen VN soldate met toerusting op Amerikaanse grondgebied. Die meeste van die troepe is gesien in geografiese gebiede wat geassosieer word met Trump politieke steun. Die verwagting was dat iets sou gebeur met die President wat woedende burgers die strate sou laat invaar en dan sou die VN troepe daar wees om hulle in te wag. Dit is dalk nie so ver van die kol nie. Die demokrate het reeds bewys dat niks hulle sal stuit om in hulle doel te slaag om van Trump ontslae te raak nie.

Obama het 'n geheime dokument onderteken in Desember 2016 net voordat hy uitgetree het. Dit gee die VN die mag om in die VSA in te gaan en die orde te herstel volgens hulle oordeel. Met ander woorde, hierdie optrede sal 'n staatsgreep wees en aanleiding gee tot 'n potensiële burgeroorlog. Baie van hi-



erdie troepe is nou in FEMA-kampe en wag net vir die oomblik as die geweld uitbreek.

Dieselfde word hier en oral oor die wêreld beplan. Dis nie seker hoeveel van die VN troepe hulle op die oomblik in ons eie land bevind nie omdat alles in die geheim en sonder enige verklarings gedoen word. Die doringbosregering sal die resultaat van die VN se inmenging wees.

Aan die ander kant is President Trump besig om die reserwe magte te mobiliseer en hierdie inligting is amptelik en openlik uitbasuin. Hy doen dit in reaksie op die VN bedreiging en maak dit duidelik dat hy nie sonder weerstand die inmenging gaan toelaat nie. Hy het in 'n stadium gesê: "Ons is betrokke in 'n oorlog, dames en here."

Dit lyk asof 'n burgeroorlog in hierdie stadium onvermydelik is. Die reserwemagte word nou opgeroep uit die vloot, die lugmag en staande mag. 'n Militêre offisier het verduidelik dat die Marine Korps daar is om die President te beskerm en onlangs is Trump dan ook vir die eerste keer agter koeëlvaste glas gesien waar hy 'n toespraak voor duisende mense gelewer het.

Massiewe hoeveelhede militêre toerusting word in alle gebiede vervoer. Die VN troepe kom vermoedelik in deur die grense saam met migrante, maar ook op ander maniere. Grens Patrollies was geskok oor die teenwoordigheid van VN troepe op die suidelike grens.

Die **Kagali-beginsels** sal gebruik word. Dit beteken dat as die VN besluit dat 'n land genoegsame onrus het, kan hulle amptelik in daardie land ingaan en oorneem. Hulle kan hulle wil afdwing op daardie gekwelde land. Daar is duisende verslae van VN troepe wat menseregte skend – hulle moor, steel, verkrag ... in baie gevalle waar onskuldige mense doodgemaak word, staan hulle net en toekyk en doen niks.

Hierdie sogenaamde "Vredesmag" is wetteloos en hulle kom daarmee weg. In 'n gekwelde land word hulle vrye teuels gegee wat veronderstel is om die orde terug te bring, maar hulle dra by tot die chaos deur geweld.

Die VN is 'n arm van die Eenwêreldregering. Hulle is deur die Joodse Sanhedrin in Israel versoek om hulle hoofkantoor na Jerusalem te verskuif. So ook die Internasionale Hof in Den Haag in die Nederlande.

Die *Nation News Desk* het op 4 Oktober 2019 gesê: "Dinge het ongelooflik ernstig geraak hier in die VSA. Daar is algemene praat oor 'n burgeroorlog wat in Amerika kan uitbreek. Die VSA se Marine Korps is 'n getekende bevel gegee om binne die VSA te ontplooi om siviele outoriteite by te syaan in die geval van 'n 'noodtoestand'." Dit is die eerste tasbare bewys dat mense in die Federale Regering ernstig bekommerd is oor wat in die land gebeur en wat dalk in Amerika kan ontwikkel.

Daar is ook sprake van 'n finansiële ineenstorting en dan sal dit ook met die regering gebeur. As dit die geval is, sal die regering nie langer 'food stamps' of welsyn in die algemeen kan bekostig nie en dit sal ook verdere onrus veroorsaak.

Robert Jeffress, pastoor van die First Baptist Dallas, het aan *Fox & Friends* op 29 September 2019 gesê dat die land in 'n burgeroorlog gedompel kan word.

"Kyk, ek gee nie voor dat ek namens al die evangeliste praat nie, maar hierdie week het ek deur die land gereis en ek het letterlik met duisende en duisende van evangelie Christene gepraat. Ek het hulle nog nooit so kwaad gesien oor enige saak as hierdie poging om die president onwettig uit sy amp te lig, die 2019 verkiesing nietig te verklaar en die stemme van miljoene in die proses tot niet te maak nie. En hulle weet sy enigste vervolgbare ('impeachable') oortreding was dat hy Hillary Clinton verslaan het in 2016. Dit is die onvergeeflike sonde waar-

voor die demokrate hom nooit sal vergewe nie. En ek wil vanoggend hierdie voorspelling maak: As die Demokrate suksesvol is in die verwydering van die President uit sy amp, is ek bevrees sal dit 'n burgeroorlog tipe skeuring in hierdie volk sal veroorsaak waarvan hierdie land nooit sal herstel nie.”

‘n Mens kan nie stry teen wat hy hier sê nie. Dit is liberalisme wat die wêreld gebring het tot op die rand van ‘n vernietigende oorlog. Daar is weggedoen met grense, maar daar is vergeet dat grense nie net fisies bestaan nie. Prediker 10:2 sê die hart van die dwaas is na links en dis daardie dwase wat die wêreld té lank aan die neus gelei het. Oral steek daar nou weerstand teen die liberale opvattings kop uit.

Ons het al baie gewonder hoekom Siener gesê het dat Amerika eers tot die stryd gaan toetree wanneer die Russe en hulle bondgenote reeds op die grens van Spanje is. Met alles wat op die oomblik in Amerika aangaan, Trump wat sy troepe terugbring huis toe, ens. is dit duidelik dat hulle nie sal kan deelneem aan die groot oorlog nie – ten minste vir ‘n tydperk nie – want hulle sal in ‘n burgeroorlog betrokke wees.

Rusland wys nou tande vir Turkye en as hy Sjina as bondgenoot het, sal hy dalk nie skroom om Turkye plat te loop en dan sommer deur te storm na Europa nie – dus vandaar die grens van Spanje. En as die spul daar oorkant goed aan die gang is, begin die geweld hier. Die VN sal dan hier ingryp en hulle marionet-regering hier aanstel, die een waarna ons verwys as die Doringbosregering.

## OORLOG DREIG NA IRAN-AANVAL

Die wêreld kan vir weke, of selfs maande, deur hoë oliepryse in die gesig gestaar word. Dit is omdat



*Saudi Aramco*, die maatskappy wie se *Abqaiq*-raffinadery in Saoedi-Arabië Saterdag 14 Sept. die ergste onder ‘n hommeltuig- en missielaanval deurgeloopt het, en die maatskappy raam dat dit so lank kan duur voordat hy die skade sal kan regstel. Die raffinadery lewer sowat 5% van die wêreld se olie.

Intussen het die Hoethi-rebellebeweging wat deur Iran gesteun word en uit Jemen opereer, verantwoordelikheid vir Saterdag se aanval aanvaar, en dreig met verdere aanvalle. Die gevolg van die aanval was dat die prys van ru-olie kort na die aanval die hoogte ingeskiet het. Dit verhandel vroeg tans teen \$68,26 per vat.

Buiten dat ‘n styging in die olieprys ongetwyfeld ‘n invloed op die brandstofprys in Suid-Afrika sal hê, het die rand ook intussen verswak. Dit sal plaaslike brandstofpryse nog verder die hoogte laat inskiet. Die randwaarde wissel tussen R14 en R15.

Siobhan Redford, ekonoom van RMB, sê in ‘n nuusbrieffie die aanval en enige vergelding sal markte wisselvallig maak en lei tot risikovermyding wat opkomende markte se wisselkoers en aandeelmarkte kan aftrek.

Bloomberg berig dat hoewel *Aramco* kort na die aanval gesê het hy gaan poog om produksie so gou moontlik te herstel, het ‘n woordvoerder gesê, maar hulle word deur “erge” ontwigtings in die gesig gestaar wat weke of selfs maande kan duur. Mense met kennis van die saak sê minder as die helfte van

die aanleg se kapasiteit kan op kort termyn herstel word. “Die skade aan die *Abqaiq*—raffinadery is erger as wat voorheen geraam is,” sê Amrita Sen, hoofolieontleder by Energy Aspects.

Bloomberg berig *Saudi-Aramco* is besig om olievelde in die see wat in ongebruik is tans weer op dreef te kry om van die verlore kapasiteit aan te vul. *Aramco* het olievoorraad vir sowat 26 dae wat hy kan uitvoer. Foto’s wys daar is veral skade aangerig aan vyf van die 18 stabiliseringstorings op die aanleg. Die torings word gebruik om gasse van die ruolie te skei. Phillip Cornell, voormalige raadgewer by *Aramco*, sê dit is juis die torings wat lank kan neem om te herstel. Hy sê dit kan weke of maande duur om die onderdele vir die torings in die hande te kry.

Pres. Donald Trump het reeds toestemming gegee dat olie van die Amerikaanse strategiese brandstofreserwes verkoop mag word om die tekort van ruolie op die mark teen te werk. Die Organisasie vir Petroleumuitvoerlande (Opul) sê ook hy is in gesprek met die owerhede van Saoedi-Arabië.

Mohammed Barkindo, sekretaris-generaal van Opul, het in ’n onderhoud met

Bloomberg gesê dit is nog te vroeg om te besluit oor of Opul se lidlande meer olie gaan produseer. Opul beperk reeds vir ’n geruime tyd die hoeveelheid olie wat deur sy lede geproduseer word, juis in ’n poging om die olieprys te laat styg.

As die aanval deur een van Iran se gevollmagtigdes in Jemen óf Irak geloods is, sou die kans bestaan vir ’n weerwraakaanval wat tot ’n buitelandse teater beperk sou word.

Maar soos die getuienis nou aandui, het die aanval van die vasteland van Iran af gekom en het Saoedi-Arabië en moontlik die Verenigde State van Amerika geen ander keuse as om die Iranse vaderland aan te val nie, anders sou dit swak lyk. En om in die Midde-

Ooste swak te vertoon bemoedig net jou teenstanders.

Die feit dat Iran besluit het om Saoedi-Arabië op so ’n uiterste manier aan te val, selfs al staar dit ’n ekonomiese beleg deur die Verenigde State in die gesig, toon dat niks anders as ’n oorweldigende mag Iran sal afskrik nie. Trump het ook reeds laat blyk dat hy slag gereed is om Iran enige dag aan te val.

## NG KERK LOOP STADIG AAN LEEG

Die NG Kerk (NGK) het nou 81% minder dooplidmate as 20jaar gelede, wys syfers wat die afgelope week by die kerk se algemene sinode bekend gemaak is.

Die kerk het in 1998 337 232 dooplidmate gehad, teenoor net 186 521 in 2018. Die afname in die getal belydende lidmate in 20jaar was 35% en die kerk het in die tyd 12% van sy gemeentes gesluit.

Jean Oosthuizen, ’n voormalige nuusredakteur van *Kerkbode* en skrywer van *Die opkoms en ondergang van die NG Kerk*, meen die kerk flous homself oor die redes vir die verlies aan lidmate. “Die kerk sê sy lidmate emigreer en daar is minder geboortes. Maar die werklike rede vir die afname is sekularisasie en dat mense eenvoudig nie meer belang stel om kerk toe te gaan nie,” sê hy.

“Die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk is in dieselfde situasie. Dit bereik nou ’n punt waar daar nie meer plek is vir drie susterskerke om die Afrikaanse mark afsonderlik te bedien nie. Op die platteland is daar plekke waar so min as 30 mense in elkeen van die drie susterskerke sit. Dit maak net nie sin nie,” sê hy.



Volgens Oosthuizen is daar 'n skerp daling in nuwe dooplidmate, terwyl die

belydende lidmate stadiger verminder het omdat kerklidmate al ouer raak.

“Die realiteit is dat die meeste van die NGK se lidmate nou ouer is as 60. Dit het 'n kerk geword vir gryskop ooms en -tannies.”

Oosthuizen sê hoewel die NGK nie meer so 'n groot rol in die land speel soos in die vorige bedeling nie, het dit steeds 'n belangrike funksie op plaaslike vlak. “Die kerk doen steeds reuse-werk op maatskaplike vlak en is by verskeie welsynsprojekte betrokke soos die versorging van bejaardes, vroeë kinderontwikkeling en opheffingsprojekte.” (Natuurlik meestal onder die anderskleuriges).

Chris Jones, hoof van die eenheid vir morele leierskap in die teologiefakulteit aan die Universiteit Stellenbosch (US), sê die kerk is in 'n oorlewingsituasie. “Sowat twee derdes van die NGK se lidmate is glad nie meer by die kerk betrokke nie en net 37% van sy lidmate woon eredienste by. Net 10% kan werklik as lojale lidmate beskou word. “Die probleem vir die Kerk is dat hy nie werklik te veel kan sê oor geregtigheid of versoening nie, want hy moet die heelyd in gedagte hou hoeveel lidmate hy kan verloor.” (Hy verkies dus om liever vals te wees!)

Volgens hom verloor die NGK juis lidmate omdat dit 'n “konflik—belade kerk” gevord het.

“Die bontspringery oor selfde geslag verhoudings het die kerk groot skade berokken.”

Hy sê die kerk verloor mense aan die verligte kant van die spektrum omdat hulle meen die kerk be-



weeg te stadig en lidmate aan die behoudende kant omdat die kerk weer “te vinnig” beweeg. Hy sê sommige lidmate meen dat kwessies soos die skeppings- en sondeleer, die huwelik, LGBTQ-kwessies “en hoe ernstig ons die sosiokulturele situasie van die Bybel as klassieke boek opneem wanneer ons dit lees en oorbring na die 21ste eeu” nie genoegsaam getakel word nie.

Hy sê sommige mense meen die institusionele kerk is ontwerp vir ‘n tyd wat nie meer bestaan nie. “Die erediens bevredig hulle nie meer spiritueel nie. Dit gaan vir hulle eerder oor hoe ‘n mens moet leef as oor wat die korrekte leerstellings of belydenisse is.” (In hierdie geval is die lidmate reg, want dit gaan nie oor die interpretasie van sinne of gedeeltes of begrippe in die Bybel nie, maar oor die siel van die mens.)

Hy sê die Kerk sukkel verder om kerkeenheid met die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) – die swart NG Kerk – te bewerkstellig. “Ek dink die NGK gaan nie wegkom met hoe hy oor baie jare mense en prosesse hanteer het, en steeds hanteer nie. Ons het te veel mense te seer gemaak en te veel geknoei wat sekere prosesse betref. Die kerk betaal ‘n duur prys hiervoor.”

Volgens die jongste syfers het die NGK sedert 2013 19 gemeentes gesluit.

In 1998 het hy 921 790 belydende lidmate gehad en dit staan nou op 102 574. Die kerk se taakspan kat-egese het bevind dat sy dalende jeuggetalle onder meer toegeskryf kan word aan “’n jeug wat slegs vermaak wil word tot groot werkloosheid onder jongmense in Suid-Afrika en verandering in taalmedium”.

Kommentaar: Dit is natuurlik baie ver van die waarheid. Hierdie skrifgeleerdes het GEEN kontak met die gewone mense daar buite nie en maak hulleself allerhande dinge wys. Die jeug is nie net in vermaak

geïnteresseerd nie, maar veral in hoekom hulle leef en waarheen hulle op pad is. Onbekend aan die skrifgeleerdes, bestudeer baie jongmense die Bybel op soek na die waarhede waaroor daar oor baie jare deur die kerk gelieg is en hulle soek na rigting in hulle lewes. Hulle vra vrae waarvoor die Kerk lankal nie meer antwoorde het nie omdat hulle nie meer in die Bybel glo nie.

## AMERIKA IS OP DIE PUNT OM DIE CHRISTENDOM TE VERBAN

Die VSA se Huis van Verteenwoordigers het pas die ramspoedige en oneerlike *Equality Act* (gelykheidswet) deurgevoer. Dit is nog nie wet nie, maar ‘n begin is gemaak om veral die Christendom te demoniseer. Indien dit uiteindelik wet word, sal dit die Christendom effektief verban, asook enige ander godsdienste wat voorgee dat jy van ‘n ander geslag is as immoreel beskou.

Die National Review ontbloot hoe radikaal en gevaarlik die gelykheidswet is. Douglas Laycock, ‘n professor in die regte aan die Universiteit van Virginia is lankal al ‘n ondersteuner van dieselfde geslag huwelike, maar hy steun nie die gelykheidswet nie.

“Dit gaan baie ver om godsdienste vrystellings uit te wis. Dit reguleer nie-winsbejagde godsdienste. ... Dit is nie ‘n poging in goeie geloof of kompeterende belange te versoen nie. Dit is poging van een kant om al die twispunt gebiede vir hulleself te gryp en die ander te vernietig.”

As dit deurgevoer word tot ‘n wet sal Federale wetgewing absurde homo-erotisme erken wat hulle voordoen as ‘n kondisie en wat behandel moet word soos ras en biologiese seks wat oorerflik is en wat geen gedragsimplikasies het nie.





Daar is niks wesenlik onregverdig daaomtrent om mense verskillend te hanteer op grond van hulle vrywillige keuses nie. Daar is niks onregverdig om biologiese vroue as verskillend te hanteer as biologiese mans wat voorgee dat hulle vroue is nie. En dit is duidelik regverdig en korrek vir 'n organisasie of besigheid om iemand soos Thomas Donnelly in die pad te steek omdat hy nou voorgee dat hy 'n vrou is met die naam Giselle.

Dit is moreel en intellektueel onhoudbaar dat subjektiewe gevoelens en wilbesluite en –optredes beide biologiese seks en godsdiens kan oorskry as 'n beskermende klas. Die pastoor en teoloog Doug Wilson maak die totalitêre impulse en doelstellings van die LGB en T aktiviste baie duidelik: Die seksuele rewolusioniste is nie geïntersseerd in enigiets minder as totale oorwinning nie.

En dit is waaroor hierdie valse gelykheidswet gaan – totale en algehele oorwinning oor teologiese ortodokse Christene wat noodwendig beteken dat hulle vryheid om rylik te praat, saamkom en hulle godsdiens beoefen, uitgewis sal word.

Dr. Robert A. J. Gagnon, Professor van Teologie aan die Houston Baptist Universiteit sê dié wet sal beteken:

1. Landswye “LGBTQ”-indoktrinasie in skool kurrikulums en werksplekke waar jy en jou kinders gereeld sal leer en weer leer dat enigeen wat teen homo's en tranvestite is, haatlik, onkundig en 'n onweloweglike dweper is en dat hulle geen plek in die gemeenskap het nie.
2. Staatswelsyn sal die reg hê om jou kinders van jou weg te neem as dit teen jou kind se 'reg' is om te besluit aan watter geslag hy of sy wil behoort of as hulle in 'n homoseksuele verhouding ingaan.

3. Regstellende aksie deur mense aan te stel wat hulleself identifiseer as 'transgender' en 'gay'
4. 'n Transgender-vrou (d.w.s. 'mans') sal toegang hê tot vroulike toilette, storte, kleedkamers, kleedkamers, skuilings, slaapsale en sport.
5. Gebruik van alle kommersiële talente (fotograawe, kunstenaars, bakkers, troubeplanners, drukkers, ens.), Insluitend gedwonge toesprake (letters, boodskappe) om transgenderisme en homoseksuele omgang te bevorder, sonder boetes.
6. Die afdanking van werknemers wat enige godsdiensstige of sekulêre opvatting uitspreek wat deur “LGBTQ” -radikale as “haatlik” beskou word, sê byvoorbeeld op sosiale media, selfs al word daardie siening buite die werkplek uitgespreek.
7. Verlies aan federale finansiële hulp, wetenskaplike toelaes en uiteindelik akkreditering vir Christelike kolleges en universiteite wat 'diskriminerende' beleid ten opsigte van LGBTQ-gedrag en verhoudings handhaaf.
8. Dokters en katolieke hospitale om “seksveranderings” -operasies op kinders uit te voer en om alle 'trans-pasiënte' nie as hul regte biologiese geslag te behandel nie, maar as die geslag wat hulle voorgee.
9. Wetstoepassingsagentskappe, howe en mediese navorsingstudies om “trans-persone” volgens hul voorgee-geslag te kategoriseer.
10. Sensuur, met enige boetes wat opgelê kan word op alle toesprake en publikasies wat homoseksuele en transgender persone “onveilig laat voel” (in wese alle toesprake krities op homoseksuele omgang en transgenderisme).

Die Gelykheidswet - soos die ERA - dien die tiraniese belange van die “LGBTQQAP” -gemeenskap.



En albei sal gebruik word om die regte van vroue en Christene te weier.

## ILLINOIS BOU DIE GROOTSTE ABORSIEKLINIEK TER WÊRELD IN DIE GEHEIM

Die organisasie *Planned Parenthood*, het onlangs die opening van 'n 6 000 vierkante meter \$7 miljoen " se aborsiekliniek in die suide van Illinois aangekondig, skaars 12 kilometer van Missouri se laaste oorblywende *Planned Parenthood*-kliniek.

Mary Kate Knorr, die uitvoerende direkteur van *Illinois to Life*, het gesê vanaf 2 Oktober sal die fasiliteit 'n "geldmaakonderneming" wees vir *Planned Parenthood*, wat sy die "mees aborsievriendelike staat in die land" noem die "Aborsiehoofstad van die Midde-Weste."

'Moenie 'n fout maak nie - hierdie nuwe megafasiliteit reageer nie op 'n groter vraag nie en is ook nie 'n gebaar van sorg vir vroue nie. Hierdie fasiliteit is geskep om die gapende afgrond wat hulle in hul kollig sien, te vul," het Knorr gesê.

'Die konstruksie van hierdie nuwe fasiliteit was 'n strategiese sakebeweging - beslis nie 'n verdediging van vroueregte nie.'

Die aborsie-reus het die fasiliteit vir langer as 'n jaar in die geheim gebou in Fairview Heights, Ill, deur 'n skuldonderneming te gebruik en het geen openbare spoor gelaat dat die fasiliteit een van die grootste aborsieklinieke van die land sou word nie, het *CBS News* berig.

Selfs verskeie konstruksiewerke met wie die St. Louis Post-Dispatch 'n onderhoud gevoer het, was

nie bewus van die gebou wat hulle help bou het nie, wat die naam Alaska genoem word, 'n aborsiekliniek.

Die kliniek verwag om later hierdie maand pasiënte te neem en sal tot 24 weke aborsies uitvoer.

## NUWE STAM VAN MIV ONTDEK

Amerikaanse navorsers het die eerste nuwe stam van MIV sedert die jaar 2000 geïdentifiseer, wat ons kennis van die buitengewone komplekse virus verder uitbrei.

Die nuut ontdekte substrain val binne dieselfde tipe agter die wêreldwye MIV-pandemie wat in 198 afgeskop het. Om 'n nuwe sub tipe te verklaar, moet ten minste drie gevalle onafhanklik van mekaar opgespoor en geverifieer word.

In hierdie geval is die eerste twee onderskeidelik in 1983 en 1990 in die Demokratiese Republiek van die Kongo ontdek. Die derde steekproef is later in 2001 gevind as deel van 'n studie wat die oordrag van moeder-na-kind gerig het op die siekte.

"Daar is geen rede om paniekerig te raak of selfs daarvoor te bekommer nie," het dr Anthony Fauci, direkteur van die National Institute of Allergy and Infectious Diseases, gesê. 'Daar is nie baie mense wat hiermee besmet is nie. Dit is 'n uitskieter. '

Wetenskaplikes het hierdie derde steekproef begin bestudeer om dit te karteer en deeglike bewyse te gee vir 'n derde stam, in 'n proses wat beskryf word as "soos om na 'n naald in 'n hooimaak te soek," en dan met 'n magneet die naald uit te trek. "

Dit is nog onduidelik of hierdie sub tipe anders optree as ander subtypes van die virus, maar huidige behandelings kan hierdie nuwe stam bestry, dus is

daar geen groot rede tot kommer nie, dit is slegs 'n stap in die behandeling van die siekte.

“Hierdie ontdekking herinner ons dat ons die voortdurende veranderende virus moet voortduur om die MIV-pandemie te beëindig en die nuutste vooruitgang in tegnologie en hulpbronne te gebruik om die evolusie daarvan te monitor,” sê die mede-skrywer van die studie, dr. Carole McArthur van die Universiteit van Missouri, Kansas City.

Tans leef meer as 37 miljoen mense wêreldwyd met MIV, die meeste op rekord, met ongeveer 1,8 miljoen nuwe infeksies wat in 2016 alleen gediagnoseer is.

Michael Worobey, hoof van die departement ekologie en evolusiebiologie aan die Universiteit van Arizona, sê egter die jongste onthulling is eintlik nie so erg nie, aangesien die nuwe sub tipe tot die algemeenste vorm van MIV behoort wat ongeveer 90 persent uitmaak. van alle gevalle.

‘Dit is eintlik misleidend om genetiese diversiteit uit die [Demokratiese Republiek van die Kongo] as 'n nuwe sub tipe te beskryf, omdat die enigste bruikbare betekenis van die term' sub tipe 'uit identifika-sie kom.



## ONS EIE UNIEKE NUUSBRIEF GRATIS ELKE MAAND!

**Hierdie nuusbrieff word moontlik  
gemaak deur donasies**

Aan u almal wat ons so getrou gedurende die afgelope  
meer as 20 jaar ondersteun het, wil ons ons opregte  
dank oordra.

### Bankbesonderhede:

Vaandel Uitgewers  
Standard Bank  
Rek. Nr. 188 263 217  
Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655 | Tel: 028 551 2516 | Faks: 086-270 6347

Navrae: [info@vaandel.co.za](mailto:info@vaandel.co.za)